Woensdag 16 September
Skrifgedeelte: Hebreërs 11:32-39
Fokusgedeelte: Hebreërs 11:36 (AFR83/AFR2020)

## Volhard geduldig in geloof

Die skrywer van Hebreërs moedig die gelowiges aan om te volhard. Hy skryf net op 'n eenvoudige manier aan die hoorders om te volhard. Volharding is iets wat deel is van ons geloofslewe. Om op ons lewenspad God te volg, word nie vir ons beskryf as 'n maklike, idilliese weg nie. Ons kan maar net dink aan al die gelowiges wat juis as gevolg van hulle geloof in Christus vervolg of onderdruk is.

Die gelowiges vir wie die skrywer hierdie brief skryf, het eerstehandse ondervinding met dinge wat hulle geloof bedreig het. Hulle was self Jode wat tot geloof gekom het in Jesus Christus. Hulle is vervolg deur die keiser juis omdat hulle anders geglo en opgetree het as ander mense en omdat hulle 'n ander Koning gedien het as die keiser self. Hulle is verder vervolg in die samelewing omdat hulle nie vasgehou het aan die Joodse praktyke van hulle volksgenote nie. Die gevolg van al hierdie bedreigings was dat hulle terug kon val in die gemaklike manier van doen, terug na die Joodse geloof of om die keiser te dien. Die oproep om te volhard en steeds die wil van God te doen, ten spyte van van die bedreigings, is aan die een kant moeilik omdat dit indruis met wat rondom ons gebeur, maar ook sluit dit vir ons hoop in. Die hoop van iets wat ons ontvang wat Hy beloof het, die ewige lewe, wat reeds vir ons toeganklik gemaak is deur die offer van Christus.

In 1 Petrus 4:19 lees ons: *"Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen."* Ons gaan nog in hierdie lewe baie bedreigings ervaar wat ons geloof gaan toets, maar deur die Heilige Gees kan ons steeds volhard om aan te hou doen wat God van ons verwag, om anders op te tree en voorbeelde te wees wanneer mense sonder geloof in Christus sou gevou het. Volhard in jou geloof. Wees geduldig. *"Maar ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe"* (Heb. 10:39).

*Sing: Psalm 94-1:8*
*Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)*